

## SARS VOER KLOPJAG UIT OP ONGEREGISTREERDE PAKHUIS

**Tshwane, 5 Mei 2023** - Lede van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD), het gister, 4 Mei 2023, 'n klopjag uitgevoer op 'n ongemagtigde pakhuis in Vryburg, Noord-Wes, en beslag gelê op miljoene rande se onwettig-vervaardigde alkohol en bitcoin-myntoerusting.

Die pakhuis is gebruik om die kripto-geldeenheidmyntoerusting onwettig aan die dorp se elektriese kragtoevoer te koppel. Dit is ook gebruik om 14 617 bottels belastingvrye drank en drank met populêre handelsmerke te vervaardig.

Die bitcoin-myntoerusting is gewaardeer op nagenoeg R10 miljoen, terwyl die alkohol nagenoeg R3.8 miljoen werd is. Die pakhuis was behoorlik toegerus met die beste toerusting om die betrokkenes in staat te stel om hul kriminele aktiwiteite deeglik uit te voer. Een buitelandse is gearresteer. 'n Ondersoek word tans uitgevoer en meer arrestasies word verwag.

SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het die voortgesette samewerking tussen SARS en die SAPD, om diegene wat aandrang om misdaad te bedryf hok te slaan, geloof. Hy het gesê dat die klopjag deel gevorm het van SARS se besluit om meer waaksaam te wees vir ongeregistreerde belastingpligtiges wat sake bedryf, en om wettige besighede te beskerm. "Die misbruik van belastingvrye handelsmerke om betaalbare heffings te omseil, en ander kriminele ondernemings wat by hierdie pakhuis gevind is, ondermyn ons ekonomie en sal met die volle mag van die gereg gekonfronteer word".

Vir meer inligting, kontak asseblief [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).